

DIE AFRIKANER

Die ekonomiese opkoms van die Afrikaner in die afgelope 40/50 jaar was merkwaardig. In 1932 het die Carnegie-kommissie bevind dat 'n $\frac{1}{3}$ van die Afrikaners armblankes is en dat nog 'n een-derde ^{as} baie arm geklassifiseer moet word. Vandag is daar bykans geen tekens van armoede meer in Afrikaner-kringe nie. Die meeste Afrikaners is vandag in 'n posisie om 'n lewenspeil te handhaaf wat goed met die beste in die wêreld vergelyk.

In hierdie proses van ryk word - ons kan seker maar sê in hierdie proses van vinnig ryk word - het die lewenshouding van materialisme by 'n groot deel van die Afrikaners ^{inslag gevind} oorspronklik. 'n Brandende begeerte om steeds en al hoe vinniger ryker te word om 'n steeds hoër lewenspeil te kan handhaaf, het 'n opvallende kenmerk van die Afrikaners geword.

Met rykdom as sodanig is daar natuurlik niks verkeerd nie. Ook nie met die strewe na rykdom nie. Maar wanneer dit oor rykdom en die strewe daarna gaan, is dit belangrik dat ons te allety die nodige sin vir verhoudings aan die dag sal lê.

In my hoedanigheid as ekonoom ^{hier} ek miskien in 'n posisie om saam te praat oor hierdie "sin vir verhoudings" wat ons ^{oor hierdie sake} aan die dag moet lê. Die sentrale begrip in die Ekonomie is sonder twyfel die begrip van "relatiewe skaarsheid". In ^{die} dien 'n mens die beskikbare rykdom in Suid-Afrika interpreteer in terme van die totale bevolking van sê 28 miljoen ^{dan bestaan daar groot} ~~dan is die~~ relatiewe skaarsheid in S.A. baie groot. Die vraag wat ek wil vra, is of die Afrikaners (en die anderstalige blankes) ^{houer} hulleself die hoër lewenspeile en die bevoorregte posisie kan veroorloof teen die agtergrond van die groot relatiewe skaarsheid van rykdom in Suid-Afrika.

Maar hierdie saak het ook 'n ander sy. In die loop van die jare sewentig het blanke lewenspeile gestagneer en in reële terme selfs begin daal. In die aanpassings wat ons vorentoe sal moet maak ter wille van die handhawing van beskaafde standarde sal die reële lewenspeile van blankes ^{na alle waarskynlikheid} ~~verder afgeskaal moet word~~ neg verder moet daal. 'n Deel van die krisis van die Afrikaner is waarskynlik juis daarin geleë dat hierdie materialistiese lewenshouding wat inslag gevind het toe ons ^{te} so vinnig ryk geword het, uiteraard nie bevorderlik is vir daardie soort hervormings wat na my mening onvermydelik op ons wag nie. ~~Hierdie lewenspeil sal on-~~
~~vermydelik~~

DIE AFRIKANER

1. (a) Selfdeterminasie

(b) selfbehoud

(c) volknasionalisme as doel opsigself - as die essensie van Afrikaner menswees.

- almal uitgediende begrippe - begrippe wat tuis behoort het in die vroeë fase van Afrikaner nasionalisme. Dit dra die duidelike kentekens van onvolwassenheid en adolessensie.

Ons doel kan nie meer bloot en enkelvoudig die selfbehoud en selfdeterminisme van die Afrikaner wees nie. Ons doel kan tog nie iets anders wees as die handhawing van beskaafde standaarde in die subkontinent nie. Sodra ons saamstem dat die eintlike doel is wat ons moet nastreef, ontstaan die vraag hoe funksioneel die bevordering van Afrikanerbelange is vir die bevordering van ons beskawingsdoelwit. As dit blyk dat allerhande vorme van Afrikaner en/of blanke bevoorregting en laërtrek 'n belemmernis is, of 'n belemmering geword het vir die handhawing en uitbouing van ons beskawings doelwit, dan het ons na my mening geen keuse nie - Dan moet ons wegdoen met Afrikaner bevoorregting en Afrikaner groepsverming. Maar ek wil onmiddellik wil toegee dat dinge nie so eenvoudig is nie. Terwyl sommige vorme van bevoorregting 'n belemmernis met betrekking tot ons langtermyn beskawings-doelwit geword het, is sommige vorme van bevoorregting waarskynlik nog funksioneel m.b.t. ons beskawingsdoelwit.

Kortom, ons staan voor 'n baie moeilike dilemma. Ingrypende verandering op politieke, ekonomiese en maatskaplike gebied is na my mening dringend nodig as ons die goeie orde en beskawingstandaarde in hierdie Suiderland wil handhaaf. Maar terselfdertyd moet ons daarteen waak dat ons nie sulke onbesonne verandering aanbring en dit só vinnig probeer deurdryf dat ons bv. die vermoë van die moderne sektor in die ekonomie volledig gaan oorspan en die handhawing van die goeie orde gaan ondermyn nie. Onbekookte en holderstebolder verandering sal eweneens nie funksioneel wees m.b.t. ons beskawingsdoelwit nie.

2. AFRIKANER HET HULLE IN DIE MIDDEL BEVIND

Die Afrikaner^{is} is in die hoek gedrukte gemeenskap. Juis daarom kan hulle^{hy} nie maklik ontspan nie. Afrikaners is meesal hooggesnaer oor hulle Afrikanerskap. Dit voorkom dat hulle volledig tot volwassenheid kan groei. Dit is baie jammer.

Die Afrikaners het hulle nog altydⁱⁿ in die middel^{bevind} bevind. Aan die een kant is

die Afrikaner onder druk geplaas deur die Engelstalige gemeenskap wat dikwels teenoor hulle opgetree het soos die verlengstuk van 'n imperialistiese moondheid. Aan die ander kant is die Afrikaner ^{ook} ~~deur~~ ^{deur} onder druk geplaas deur die Swartmense en hulle ontwakende nasionalisme en hulle stygende aansprake. Vanweë hierdie posisie "in die middel", was die Afrikaner altyd geneig om oor sy skouer te kyk, dit het voorkom dat daar sekerheid en selfvertroue by die Afrikaner ontstaan het. Dit het voorkom dat die Afrikaner tot daardie volwassenheid kon groei wat 'n mens graag sou wou sien by 'n bevolkingsgroep wat so 'n sleutelrol ^{in die bevolking} moet speel. Of anders gestel, al sou daar miskien in die verlede regverdiging gewees het vir die Afrikaner om te reageer soos 'n gemeenskap "in die middel" - soos 'n in die hoek gedryfde gemeenskap - is daar nie en kan daar nie meer regverdiging vir sodanige optrede wees nie. Teen ongeveer 1960 het die Afrikaner armblankeskap afgeskud en het alle Afrikaners ekonomies "gearriveer" in dié sin dat almal die status van laermiddelstand bereik het. In 1961 is die Republikeinse ideaal verwesenlik en het die Afrikaners ook polities volledig gearriveer.

Waarom het sensitiwiteit wat Afrikaners teenoor volksgenote gehad het, nie tot ruimer wasdom gekom nie? Waarom het dit in 'n vorm van groep-individualisme verstomp geraak?

3. POSISIE OP DIE IDEOLOGIESE SPEKTRUM

Dr. Malan: Bring bymekaar wat uit innerlike oortuiging by mekaar hoort.

Anderkant van die munt: Moenie ^{aanvaarding} bymekaar hou wat nie uit innerlike oortuiging bymekaar hoort nie.

Daar was en is nog steeds 'n neiging om te probeer voorgee asof daar nie groot ideologiese verskille tussen die Afrikaners is nie. Of as daar wel is, is die houding dat dit nie so behoort te wees nie. Ek vind dit vreemd en ongeoorloof. Waarom moet die diepliggende verskille wat daar tussen Afrikaners bestaan ^{en} altyd onderdruk word/weggepraat word. In die moeilike tye waarin ons leef kan ons ons nie die weelde van een-stemmigheid veroorloof nie.

Dit is tog normaal dat daar in enige ^{demokratiese} gemeenskap 'n linkse en 'n regse polarisasie rondom 'n denkbeeldige ^{ideologiese} middelpunt sal plaasvind. Dit word dikwels beweer dat die ideologiese middelpunt in Suid-Afrika aansienlik regs geleë is van die ideologiese middelpunt in die meeste Westerse lande. Ek is geneig om hiermee saam te stem, maar dit is 'n saak wat ons vir eers ter syde kan laat. Kom ons konsentreer op ^{die verspreiding} ~~die verspreiding~~ ^{spektrum} rondom middelpunt. Die geskiedenis leer ons dat in 'n vroeë fase van nasionalisme - wanneer daar nog tekens van onvolwassenheid is - die spektrum van opinies nie toegelaat word om ver van die middelpunt af te wyk nie. In so 'n geval is die grense van verdraagsaamheid

as groep of as'n blaar
 op de dialyse
 spectrum is hier de
 gdaptes nageen
 gundegees tal
 Joambunde ghees
 wie — dat is nageen
 in So dange term
 goshyleet geel dat
 goshuleet ver de
 in alternatief van
 formulering
 juist kon word
 wie. Hierde stand va
 gabe verover die
 knus in de last
 van hierde groep Af.
 Hulle het tot de oerting
 gkom dat die o formules
 was gloop het — dat dat
 me meer klop wie. Hulle
 probees hulle wep and
 deus in gbreed ween
 daas band mynvelde &
 klav hulle brief over het me's
 kenne wie. Om dat
 indandaa goetlik

nie baie wyd nie. Dit wil my voorkom asof dit nog die geval met die Afrikaner is. Daar is 'n ongeduld - byna 'n onverdraagsaamheid - indien mens 'n standpunt inneem wat enigsins ver van middelpunt is - wat enigsins ver afwyk van die h heersende ortodoksie. So 'n persoon word maklik uitgeskuif of afgeskryf. Dit is vir my 'n teer punt hierdie. Verskeie van my gewaardeerde kollegas het standpunt ingeneem wat bietjie ver afgewyk het van middelpunt en hulle het 'n swaar prys daarvoor betaal. Dit is baie jammer, Dit is wel waar dat daar in die jare sewentig heelwat meer rekbaarheid gekom het as in sê die begin van die jare sestig. Maar die grense van verdraagsaamheid is nog te smal - ons is nog te geneig om 'n persoon wat afwykende gedagtes uiter af te skryf of uit te dryf. Dit is 'n teken van onvolwassenheid. Dit is dringend nodig dat ons meer volwasse sal word - meer oop en meer soepel sal word.

Krisis in die hart van die Afrikaner

Ek wil beweer dat daar in die jare sewentig 'n groter krisis in die hart van die Afrikaner afspeel as wat allerweë besef word. Hierdie krisis in die hart van die Afrikaner is 'n morele krisis wat spruit uit die bestaanskrisis waarvoor ons in hierdie dekade te staan gekom het. Hierdie morele krisis vertolk die problematiek van baie Afrikaners wat aan hulle volksverbondenheid 'n hoë prioriteit verleen, maar tog nie bereid is om hulle sin vir geregtigheid op die altaar van hierdie volksverbondenheid te offer nie.

Die spanning tussen voortbestaan andersyds en morele en regverdige oplossings andersyds speel al vir baie dekades lank 'n oorheersende rol in die gang van die Afrikaner-geskiedenis. Hoe die pendulum beurtelings van die een na die ander swaai, word baie mooi gedemonstreer deur die verloop van sake in die afgelope drie dekades waarin die Afrikaner die politieke mag besit.

- a) In die 50tiger jare het die klem geval op die behoud en voortbestaan van die Afrikaner. Die bedoeling van die skeidingsbeleid was om hierdie voortbestaan te waarborg. Maar die beleid van skeiding - soos dit in die vyftigerjare toegepas is, het onder geweldige morele kritiek gekom. Met hierdie morele kritiek is 'n fyn snaar in die Afrikanerhart aangeraak. Ek was nog altyd van mening dat die skerpste kritiek vanaf Engelstalige kant gekom het. Hulle het ons wysgemaak dat die Ekonomie (wat deur hulle beheer is) 'n amorele terrein is en dat morele oorwegings eintlik net op die politieke terrein te pas kom en dat hulle moreel beter toegerus is vir "moral government (morele regering) as die Afrikaners.
- b) In die sestigerjare het die klem verskuif na afsonderlike ontwikkeling en na die belofte dat afsonderlike vryhede 'n morele oplossing vir ons probleme sou bied. Ek is nog altyd van mening dat die inslag wat Dr. Verwoerd se idees gevind het, juis te danke is aan die belofte van 'n morele oplossing. In hierdie dekade het daar groot selfversekerdheid ontstaan dat ons uiteindelik 'n formule gevind het, waarin die drang tot nasionale voortbestaan en die morele stem van die gewete met mekaar versoen is.

(c) Die jare sewentig het egter ontugtering gebring. Ons voortbestaan word uit oorde en op maniere bedreig wat ons glad nie voorsien het nie. Boonop het aparte vryhede nie so haalbaar geblyk te wees soos ons gedink het nie. Intendeel. Ons besef nou dat aparte vryhede tot 'n groot hoogte nooit ten volle verwesenlik kan word nie. Die optimisme en selfversekerdheid van die jare sestig het ^{be}plek gemaak vir die pessimisme en die ontugtering van die jare sewentig. Die krisis is in die hart van ^{be}die Afrikaner spruit voort uit die bestaanskrisis ~~van die Afrikaner~~. ^{waar} Ons bestaan word soos nooit tevore nie bedreig en waar ons eers seker was dat ons die morele antwoorde het, is daar nou twyfel.

Maar die jare sewentig het nie alleen 'n morele krisis in die hart van die Afrikaner gebring nie. Dit het ook groter verdeeldheid - ofte wel groter ideologiese spanning en polarisasie - in Afrikaner geledere gebring. Dit wil my voorkom asof ons die Afrikaner in rofweg twee groepe kan indeel. Enersyds diegene by wie die geloof van die jare sestig nog voortleef. Diegene wat ^{en selfs die} hardnekkig glo dat ons 'n formule het wat ons voortbestaan kan verseker en aan ons begeerte vir 'n morele oplossing kan voldoen.

Aan die anderkant staan daardie Afrikaner^s wat op grond van die gebeurde en die ervarings van die jare sewentig tot die gevolgtrekking gekom het dat ons bestaan bedreig word én dat ons posisie nie moreel regverdigbaar^{kan} is nie. Aan die eenkant dus diegene wat seker is en meen dat ons die antwoorde het. Aan die anderkant diegene wat onseker is, diegene wat twyfel, wat soek, wat 'n krisis in hulle hart ervaar - wat voel dat ons ons op totaal nuwe bane moet begin waag.

Ek is van mening dat dit van geen belang is om die bestaan van hierdie twee kampe in Afrikaner geledere te probeer ontken nie. Intendeel. Ek is van mening dat hierdie ideologiese polarisasie verwelkom moet word en dat die debat daarvoor so openlik en so openhartig as moontlik moet plaasvind. Enige poging om hierdie debat kunsmatig te onderdruk of net agter geslote deure te laat plaasvind, kan noodlottige gevolge hê. U mag vra of so 'n ope debat nie tot steuring en verdeeldheid in Afrikaner geledere sal lei nie. Dit is seker nie onmoontlik nie, maar dit hoef natuurlik nie noodwendig te gebeur nie. Maar per slot van rekening is ons bestaans- en morele krisis van so 'n aard dat openheid en openhartigheid nou belangriker geword het as 'n enigszins kunsmatige organisatoriese eenheid. Soos ek reeds gesê het, is volksverbondenheid en volkseenheid vir my en baie Afrikaners 'n saak van hoë prioriteit maar ek en ander is nie bereid om ons sin vir geregtigheid op die altaar van volksverbondenheid te offer nie.

Die vind van 'n regverdige oplossing wat aan alle bevolkingsgroepe 'n beskaafde bestaan bied het die hoogste doelwit geword. Alle ander doelstellings is ondergeskik daaraan - ook die Afrikaner se eenheidsideaal.